
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**DANSSTUDIES**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**NOTA VIR NASIENERS:**

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis nagesien word.**

- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- Hou streng by hierdie nasienriglyne wanneer nasien en pas konsekwent toe.
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word en evalueer wat die kandidaat weet, nie wat die kandidaat nie weet nie.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- In sekere vrae, het kandidate 'n keuse. As kandidate albei vrae beantwoord het, merk slegs die EERSTE vraag wat beantwoord word. Trek 'n streep deur die tweede vraag wat nie gemerk word nie.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke hoeveelheid feite te verskaf, moet slegs die verwagte hoeveelheid nagesien word indien meer verskaf word.
- Inligting oor hoe om punte toe te ken wanneer 'n nasienrubriek gebruik word kan in die **NOTA**-afdeling van daardie spesifieke vraag gevind word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die handboek verskyn nie. Onsekerheid oor enige inligting wat deur die kandidaat verskaf word, moet deur navorsing geverifieer word, voordat daar verder gemerk word.
- Hoë, medium en lae kognitiewevlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bokant elke vraag. Dit moet toegepas word wanneer punte toegeken word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag en die **taakvereistes** moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Die stappe waardeur kandidate moet gaan om die vraag te beantwoord, word onder die opskrif – **DINK PROSES** ingesluit.
- Die nasienriglyne verskaf **'n voorbeeld van 'n antwoord** in 'n teksblokkie onder die verwagte reaksies.
  **LET WEL:** Dit is om leiding te gee waar om 'n punt toe te ken. In sommige vrae, word 'n voorbeeld van 'n volpunt-antwoord waar nodig, verskaf. In ander vrae word slegs een of twee voorbeelde verskaf.
- Nasieners moet NIE volpunte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig/ minimaal is of waar al die vereistes van die kompleksiteitsvlak van die vraag nie nagekom is nie.
- EEN **√** = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punte.
- **Geen** ½ punte mag toegeken word nie.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**NASIENFORMAAT:**

**Vrae wat een regmerk per punt vereis:**

- EEN √ = EEN punt afhangende van die vereistes van die vrae.
- Regmerke moet geplaas word, waar 'n punt vir die inhoud toegeken is.

**Voorbeeld:**

**Vraag:** Wat is dans?

**Antwoord:** Dans is beweging van die liggaam √ wat emosies uitbeeld √ en ook 'n storie kan kommunikeer. √ (3)

- Waar antwoorde die maksimum punte oorskry, skryf **MAKS PUNTE** by die punt waar dit bereik was.
- Plaas die antwoord tussen hakies aan die linkerkant se kantlyn om aan te dui dat dit gelees was.
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie

**Nasien van kwalitatiewe vrae:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Alle areas moet ingesluit word om volpunte toe te ken.
- **NOTA:** Daar is spesifieke nasieninstruksies in die vrae wat van 'n nasienrubriek gebruik maak.

**Berekening van die puntetotaal:**

- Dui die puntetotaal wat per vraag behaal is in die regterkantse kantlyn aan die einde van die antwoord met 'n diagonale lyn bo die totaal aan.
- Hierdie totaal moet herhaaldelik omkring word aan die begin van die vraag in die linkerkantse kantlyn en omsingel. Plaas jou voorletters langs hierdie totaal.

**Voorbeeld:**

| | | |
|---|---|---|
| (8) JM | VRAAGNOMMER …<br>Begin van die antwoord<br><br>Einde van die antwoord | /8 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**

**VRAAG 1: BESERINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **1.1** | **Verduideliking** | **6 punte** |
| | **1.2.1** | **Identifisering** | **1 punt** |
| | **1.2.2** | **Verduideliking** | **4 punte** |
| **HOËVLAK** | **1.2.3** | **Evaluering** | **4 punte** |

| | INHOUD VIR ASSESSERING | DENKPROSES<br>Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord |
|---|---|---|
| 1.1 | Oorsake van besering: vloer, temperatuur en/of ventilasie, kleredrag | 1. Herroep |
| 1.2.1 | Verstuiting | 1. Lees vir begrip<br>2. Herroep |
| 1.2.2 | RYKE | 1. Lees vir begrip<br>2. Herroep<br>3. Pas begrip toe van hoe RYKE gebruik is om die dans-verwante besering te behandel |
| 1.2.3 | Oorsake van besering: misbruik, voeding, hidrasie, opwarming en afkoeling | 1. Lees vir begrip<br>2. Herroep<br>3. Kies toepaslike oorsake<br>4. Pas begrip toe van hoe die repetisie skedule tot besering bydrae lewer |

**1.1 VERDUIDELIK TWEE MANIERE WAAROP DIE VOLGENDE FAKTORE BESERING KAN VEROORSAAK**

**Verwagte reaksies:**

1.1.1 **Vloer:**
- Hard, sement, geteël
- Ongelyk
- Glad
- Hindernisse/struikelblokke

Enige ander relevante antwoorde in verband met die verduideliking van hoe die vloer besering kan veroorsaak (2)

| |
|---|
| **Voorbeeld van 'n antwoord:**<br>➢ As die vloere nat is, kan die danser gly en val. √<br>➢ As die vloer nie 'n geveerde houte vloer is nie, sal daar geen skok absorpsie wees nie, √ wat besering kan veroorsaak. |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Verwagte reaksies:**

1.1.2 **Temperatuur:**

- Warm of koud

**Ventilasie:**

- Vensters, deure
- Lugversorging
- Lugstroming

Enige ander relevante antwoorde in verband met die verduideliking van hoe temperatuur en/of ventilasie besering kan veroorsaak

(2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Wanneer die dansateljee te warm is, kan dit duiseligheid veroorsaak, √ wat tot besering sal lei.
- ➢ 'n Gebrek aan vars lug kan tot flouvallery lei. √

**Verwagte reaksies:**

1.1.3 **Kleredrag:**

- Los/groot of styf/beperkte
- Sokkies
- Skoene
- Juweliersware

Enige ander relevante antwoorde in verband met die verduideliking van hoe kleredrag besering kan veroorsaak (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Om stywe klere te dra, kan 'n danser se bewegings beperk wat beserings veroorsaak. √
- ➢ As 'n danser juweliersware in die dansklas dra, kan dit aan 'n ander danser vashaak. √

**1.2.1 IDENTIFISEER 'N DANS-VERWANTE BESERING IN DIE *INSTAGRAM STORIES***

**Verwagte reaksies:**
- Verstuiting (1)

**1.2.2 VERDUIDELIK HOE RYKE 'N VERSTUITING KAN BEHANDEL**

**NOTA:**
- o Kandidate moet verduidelik hoe RYKE die besering kan behandel. Moet nie punte vir slegs die akroniem definieer, toe ken nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas om te verduidelik:**
- Rus
- Ys
- Kompressie
- Elevasie (4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Die danser kan rus om <u>verder besering</u> te vermy. √
- ➢ Die danser kan ys op die beseerde area plaas om <u>swelling te voorkom</u>. √

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**1.2.3 EVALUEER OF DIE REPETISIESKEDULE TOT 'N VERSTUITING KAN BYDRA**

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas om te staaf:**

- Opwarming
- Afkoeling
- Duur: danssessies, pouses, dag
- Misbruik/ooroefen
- Voeding/hidrasie
- Intensiteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met óf die repetisie skedule tot die verstuiting kan bydra (4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Die repetisieskedule stel voor dat die danser nie voor dans opgewarm het nie en dus het sy/haar nie hul spiere vir die dag voorberei nie. √ Die danssessies was baie lank wat spiermoegheid kon veroorsaak het. √ Ooroefen kan spanning op die gewrigte plaas omdat die danser dieselfde bewegings vele keer herhaal. √ Daar is ook net 'n kort waterpouse wat nie genoeg is nie want die danser moet gehidreer bly om moegheid te voorkom. √

**[15]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **2.1** | **Dui aan** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **2.3.1** | **Verduideliking** | **5 punte** |
| | **2.3.2** | **Verduideliking** | **4 punte** |
| **HOËVLAK** | **2.2.1** | **Evaluering en stawing** | **3 punte** |
| | **2.2.2** | **Bespreking** | **3 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES<br>Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord** |
|---|---|---|
| 2.1 | Komponente van fiksheid | 1. Herroep |
| 2.2.1 | Kernstabiliteit | 1. Herroep<br>2. Analiseer die foto<br>3. Pas begrip van die rol van kernstabiliteit aan die beweging wat in die foto verskyn, toe<br>4. Staaf met voorbeelde |
| 2.2.2 | Soepelheid | 1. Herroep<br>2. Analiseer die foto<br>3. Pas begrip van hoe soepelheid in verskillende areas van die liggaam gebruik is, toe |
| 2.3.1 | Uithouvermoë | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van hoe 'n gebrek aan uithouvermoë opvoering affekteer, toe |
| 2.3.2 | Uithouvermoë | 1. Herroep<br>2. Onderskei tussen hoe uithouvermoë binne en buite die dansklas ontwikkel word |

**2.1 DUI AAN WAAR OR ONWAAR**

**Verwagte reaksies:**

2.1.1 Onwaar (1)

2.1.2 Waar (1)

2.1.3 Waar (1)

2.1.4 Waar (1)

2.1.5 Onwaar (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**2.2.1 ANALISEER DIE FOTO: EVALUEER DIE ROL VAN KERNSTABILITEIT TYDENS DIE UITVOERING VAN DIE BEWEGING IN DIE FOTO**

**NOTA:**

- Kandidate moet evalueer hoe kernstabiliteit gebruik is om die beweging in die foto uit te voer. Moet nie punte vir slegs 'n lys van die voordele van kernstabiliteit toeken nie

**Verwagte reaksies:**

- Balans
- Beheer
- Postuur
- Belyning
- Gemak van beweging

Enige ander relevante antwoorde in verband met die evaluering van die rol van kernstabiliteit tydens die uitvoering van die beweging in die foto (3)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Die danser sal goeie ontwikkelde kernstabiliteit moet hê om op een been te kan balanseer. √
- Die danser in die foto sal sterk kernstabiliteit moet hê om hul pelvis agtertoe te buig . √

**2.2.2 ANALISEER DIE FOTO: BESPREEK HOE SOEPELHEID IN VERSKILLENDE AREAS VAN DIE LIGGAAM GEBRUIK WORD**

**NOTA:**

- Kandidate moet verduidelik hoe die danser in die foto soepelheid in verskillende areas van die liggaam gebruik. Moet nie punte vir slegs identifisering van verskillende areas van die liggaam toe ken nie

**Verwagte reaksies:**

- Voete/tone/enkels
- Bene
- Heupe
- Torso/buik
- Arms/bors

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe soepelheid in verskillende areas van die liggaam gebruik is. (3)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Vir die danser om die liggaamsgewig tot op die bal van die voet te kan verplaas, sal hulle goeie ontwikkelde soepelheid in hul voete moet hê. √
- Die danser het soepelheid in die agterdyspier omdat die been hoog opgelig is. √

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**2.3.1 VERDUIDELIK HOE 'N GEBREK AAN UITHOUVERMOË OPVOERING AFFEKTEER**

**NOTA:**

- Kandidate kan een aspek van uithouvermoë verduidelik of verskillende aspekte verduidelik.

**Verwagte reaksies:**

- Fokus/konsentrasie
- Spiermoegheid
- Besering
- Uitvoering/akkuraatheid
- Bewegingskwaliteit
- Danskonvensies

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe 'n gebrek aan uithouvermoë opvoering affekteer (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
'n Gebrek aan uithouvermoë sal 'n dansers se opvoering in die dansklas affekteer en veroorsaak dat hul bewegings slordig lyk. √ As 'n danser nie uithouvermoë het nie mag hulle dalk nie hul bewegings korrek uitvoer nie wat tot besering kan lei. √ As 'n danser 'n gebrek aan uithouvermoë het mag hulle dalk vas teen hul klasmaats stamp omdat hulle nie vir 'n lang tydperk kan konsentreer nie. √

**2.3.2 VERDUIDELIK HOE OM UITHOUVERMOË BINNE EN BUITE DIE DANSKLAS TE ONTWIKKEL**

**NOTA:**

- Kandidate moet verduidelik hoe 'n danser uithouvermoë binne en buite die dansklas kan ontwikkel. Moet nie punte vir slegs identifisering van oefeninge toeken nie
- Kandidate mag na algemene uithouvermoë/kardiorespitoriese uithouvermoë/ spieruithouvermoë in hul reaksies verwys
- Kandidate kan meer oor een as die ander skryf
- Moet nie volpunte toeken as die kandidaat nie voorbeelde vir albei binne en buite die dansklas verskaf nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word vir albei binne en buite die dansklas:**

- Konsekwentheid
- Duur
- Progressiewe oorlading
- Tipe aktiwiteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe om uithouvermoë binne en buite die dansklas te ontwikkel (4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Dansers kan uithouvermoë ontwikkel deur om elke les te begin met 'n aërobiese opwarming. √
- 'n Danser kan 'n drafroetine skep waar hulle drie keer per week hardloop √ om hul uithouvermoë te ontwikkel.
- Uithouvermoë kan in die dansklas ontwikkel word deur die oefening sonder pouses tussen in te herhaal. √

**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MEDIUM VLAK** | **3.1** | **Bespreking** | **3 punte** |
| | **3.2** | **Evaluering** | **3 punte** |
| **HOËVLAK** | **3.3** | **Verduideliking** | **4 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord** |
|---|---|---|
| 3.1 | Rus/slaap | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van die voordele van rus/slaap op optimale opvoering toe |
| 3.2 | Gebalanseerde dieet | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van hoe 'n gebalanseerde dieet fisiese gesondheid verryk toe |
| 3.3 | Vaardighede, waardes en houdings: spanwerk en selfvertroue | 1. Herroep<br>2. Besin oor persoonlike ervaring<br>3. Pas begrip van hoe groepsdinamika selfvertroue beïnvloed, toe |

**3.1 BESPREKING OOR HOE RUS/SLAAP TOT OPTIMALE OPVOERING IN DANS BYDRAE LEWER**

**NOTA:**
- Kandidate moet hoe rus/slaap tot optimale opvoering bydrae lewer, bespreek. Moet nie punte vir slegs 'n lys van die voordele van rus/slaap toeken nie

**Verwagte reaksies:**
- Fokus/konsentrasie
- Energievlakke
- Positiewe leeromgewing
- Toepassing van tegniek
- Beserings voorkoming
- Herstelling

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe rus/slaap bydrae tot optimale opvoering in dans lewer (3)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Wanneer dansers goed gerus is, kan hulle fokus wat hul toelaat om die korrekte tegnieke veilig toe te pas. √
- As 'n danser genoeg slaap kry sal hul liggaam van die vorige dag ten volle herstel wees, wat die kans van besering sal verminder. √
- Rus/slaap verseker dat 'n danser genoeg energie sal het om hul klaswerk te voltooi. √

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**3.2 EVALUERING VAN HOE OM 'N GEBALANSEERDE DIEET TE VOLG OM JOU FISIESE GESONDHEID TE VERRYK**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Energie
- Imuunstelsel
- Herstelling
- Gewighandhawing/gewigsinstandhouding
- Voedselgroepe
- Voedselinname
- Hidrasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die volg van 'n gebalanseerde dieet fisiese gesondheid te verryk (3)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- 'n Gebalanseerde dieet versorg die liggaam met noodsaaklike voedingstowwe vir optimale funksionering. √
- Proteïene herstel beskadigde weefsel wat spiere toelaat om gesond te word sodat dansers na die beste van hul vermoë kan optree. √

**3.3 VERDUIDELIK HOE GROEPSDINAMIKA IN DIE DANSKLAS SELFVERTROUE BEÏNVLOED**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag die positiewe en/of negatiewe effekte wat groepsdinamika op 'n danser se selfvertroue kan hê, verduidelik

**Verwagte reaksies:**
- Vertroue
- Oordeel
- Kompetisie
- Boelie
- Deelname
- Uitsluiting

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe groepsdinamika in die dansklas selfvertroue kan beïnvloed (4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
As 'n danser nie hul groep vertrou nie, sal hulle nie die selfvertroue hê om hul idees te deel nie. √ Sommige lede van die groep mag dalk agter die danser se rug praat wat 'n impak op hul selfvertroue kan hê. √ Maar, die groep kan mekaar aanmoedig wat hul selfvertroue kan oplig. √

**[10]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: DANSOPVOERING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **4.1** | **Maak 'n lys** | **5 punte** |
| **HOËVLAK** | **4.2** | **Reflekteer** | **4 punte** |
| | **4.3** | **Bespreking** | **6 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord** |
|---|---|---|
| 4.1 | Verhoogkonvensies | 1. Herroep |
| 4.2 | Toewyding en opvoering | 1. Herroep<br>2. Besin oor eie ervaring<br>3. Pas begrip toe van hoe toewyding tot daaglikse oefening opvoering bevoordeel |
| 4.3 | Hoofdansvorm: beginsels en bewegingskwaliteit | 1. Herroep<br>2. Verbind beginsels met bewegingskwaliteit<br>3. Pas begrip toe van die bydrae van beginsels tot bewegingskwaliteit |

**4.1 MAAK 'N LYS VAN VYF VERHOOGKONVENSIES**

**Verwagte reaksies:**
- Gebruik van ruimte
- Verhoogplasing/patroonvorming
- Ingange en uitgange
- Musiekaanduiding en tydsberekening
- Verhoog rigtings
- Gedragskode
- Respek
- Dissipline
- Opvoeringskwaliteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met 'n lys van verhoogkonvensies maak (5)

**4.2 REFLEKTEER OOR HOE TOEWYDING TOT DAAGLIKSE OEFENING OPVOERING KAN BEVOORDEEL**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Voorbereidheid
- Tegniek
- Komponente van fiksheid
- Opvoeringskwaliteit
- Selfvertroue
- Vertroue tussen portuurs/verhoudings

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe toewyding tot daaglikse oefening opvoering kan bevoordeel (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Daaglikse oefening kan 'n danser help om voorbereid te wees en bewegings sonder foute uit te voer. √
- Om daagliks te oefen sal help om 'n danser se tegniek te verbeter wat hulle sal toelaat om bewegings met vertroue uit te voer. √
- Daaglikse oefening sal 'n danser se komponente van fiksheid ontwikkel wat hul optrede moeiteloos sal laat lyk. √

**4.3 BESPREEK HOE BEGINSELS VAN DIE HOOFDANSVORM TOT BEWEGINGSKWALITEIT BYDRA**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag een beginsel volledig bespreek of mag verskillende beginsels in verband met hul hoofdansvorm bespreek

**Verwagte reaksies:**
**Beginsels spesifiek aan hoofdansvorm:**
- Gebruik van kop
- Gebruik van arms/boliggaam
- Gebruik van torso
- Gebruik van bene
- Gebruik van voete

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die beginsels van die hoofdansvorm 'n bydrae tot bewegingskwaliteit lewer (6)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Jazz: Isolasies in Jazz dra by tot die bewegingskwaliteit deur skerp of gladde klem op bewegings te plaas. √
- Kontemporêre dans: Die gebruik van asemhaling in kontemporêre dans versterk die bewegingskwaliteit van 'n danser omdat dit emosie en kontras in die dans byvoeg. √
- Ballet: Uitdraai dra by tot bewegingskwaliteit omdat dit die danser help om goeie lyne te bereik wat die beweging grasieus laat lyk. √

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID**

**VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **5.1** | **Kies** | **6 punte** |
| | **5.2.1** | **Definiëring** | **1 punt** |
| | **5.2.2** | **Definiëring** | **1 punt** |
| | **5.2.3** | **Definiëring** | **1 punt** |
| **HOËVLAK** | **5.3** | **Bespreking** | **6 punte** |
| | **5.4.1** | **Verskaffing en stawing** | **4 punte** |
| | **5.4.2** | **Beskrywing en stawing** | **6 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord** |
|---|---|---|
| 5.1 | Musiekterme | 1. Herroep |
| 5.2.1 | Improvisasie | 1. Herroep |
| 5.2.2 | Choreografie | 1. Herroep |
| 5.2.3 | Stimulus | 1. Herroep |
| 5.3 | Improvisasie en choreografie | 1. Herroep<br>2. Besin oor eie persoonlike ervaring wanneer daar gechoreografeer word<br>3. Pas begrip van hoe improvisasie help tydens choreografering toe |
| 5.4.1 | Visuelegeletterdheid: produksie elemente, danselemente/choreografiese strukture/simboliese betekenis | 1. Herroep<br>2. Analiseer die foto<br>3. Formuleer eie interpretasie van die opvoering wat in die foto verskyn<br>4. Staaf met voorbeelde |
| 5.4.2 | Visuelegeletterdheid: terrein-spesifieke ruimte, produksie elemente, danselemente/choreografiese strukture en simboliese betekenis | 1. Herroep<br>2. Analiseer die foto<br>3. Herskep interpretasie van opvoering in 'n terrein - spesifieke ruimte<br>4. Staaf met beskrywings van simboliese betekenis |

**5.1 KIES MUSIEKTERME**

**Verwagte reaksies:**

5.1.1 Toonhoogte (1)

5.1.2 Toonkleur (1)

5.1.3 Tempo (1)

5.1.4 Melodie (1)

5.1.5 Harmonie (1)

5.1.6 Sinkopasie (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**5.2.1 DEFINIEER IMPROVISASIE**

**Verwagte reaksies:**

- Skepping van spontane beweging in die oomblik

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van improvisasie (1)

**5.2.2 DEFINIEER CHOREOGRAFIE**

**Verwagte reaksies:**

- Skepping van 'n beplande danskomposisie

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van choreografie (1)

**5.2.3 DEFINIEER STIMULUS**

**Verwagte reaksies:**

- 'n Bron van inspirasie vir beweging

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van stimulus (1)

**5.3 BESPREEK HOE IMPROVISASIE TYDENS DIE CHOREOGRAFERING VAN 'N DANS KAN HELP**

**NOTA:**

- Moet nie punte vir 'n lys van voordele van improvisasie toeken nie, kandidate moet hoe improvisasie kan help wanneer daar 'n dans gechoreograaf word, bespreek

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat bespreek kan word:**

- Bewegingswoordeskat
- Temas/idees
- Opvoeringskwaliteit
- Musikaliteit
- Kreatiwiteit
- Vertroue
- Samewerking
- Probleemoplossing

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe improvisasie kan help wanneer 'n dans gechoreografeer word (6)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Improvisasie skep kreatiwiteit in 'n choreograaf wat gebruik kan word om vars idees vir choreografie te ontwikkel. √
- Improvisasie ontwikkel 'n danser se musikaliteit wat die danser toelaat om 'n emosionele verbintenis met die musiek wat in die choreografie gebruik word, te skep. √


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**5.4.1 VERSKAF 'N INTERPRETASIE VAN DIE OPVOERING WAT IN DIE FOTO GETOON WORD**

**NOTA:**

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid interpretasies verskaf
- Moet nie punte vir slegs die beskrywing van aspekte in die foto toeken nie, kandidate moet hul interpretasie met simboliese betekenis staaf
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
**Produksie elemente**

- Opvoerruimte
- Beligting
- Stelontwerp
- Rekwisiete
- Kostuums

**Danselemente/choreografiese strukture**

- Hoeveelheid opvoerders
- Verhoogplasing
- Patroonvorming
- Formasies
- Rigting
- Bewegings
- Gebare

- Simbolisme

Enige ander relevante antwoorde in verband met 'n interpretasie van die opvoering wat in die foto verskyn

(4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Die tema in die foto kan 'wag' verteenwoordig. Stoele is teenwoordig in vele plekke waar ons moet wag, soos bank lyne, doktersspreukkamers, klaskamers, ens. √ Die dansers dra 'n uniform wat die roetine aard van wag kan simboliseer. √ Die dansers is na verskillende rigtings gedraai wat dalk dat hulle op hul eie reis om vir verandering in hul lewens te wag is, verder simboliseer. √ Die gebruik van knyperbord as 'n rekwisiet kan die druk wat hierdie mans voel om hul daaglikse take te voltooi simboliseer. √

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**5.4.2 BESKRYF DIE HERSKEPPING VAN DIE INTERPRETASIE IN 'N TERREIN-SPESIFIEKE RUIMTE MET SIMBOLIESE BETEKENIS**

**NOTA:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate se reaksie in vraag 5.4.2 moet verband hou met die interpretasie wat in vraag 5.4.1 verskaf is
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid herskeppings verskaf
- Moet nie punte vir slegs beskrywings toeken nie, kandidate moet gestaafde beskrywings met simboliese betekenis verskaf

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
**Produksie elemente**

- Opvoerruimte
- Beligting
- Stelontwerp
- Rekwisiete
- Kostuums

**Danselemente/choreografiese strukture**

- Hoeveelheid opvoerders
- Verhoogplasing
- Patroonvorming
- Formasies
- Rigting
- Bewegings
- Gebare

- Simboliek

Enige ander relevante antwoorde in verband met die beskrywing van 'n herskepping van 'n interpretasie in 'n terrein-spesifieke ruimte met simboliese betekenis (6)

| **Voorbeeld van 'n antwoord:** |
|---|
| Die intensie sal dieselfde bly maar ek sal dit herskep in 'n dokter se spreukkamer om die tema van 'wag' te beklemtoon. √ Die stoele sal langs mekaar in 'n vierkantige formasie geplaas word om die gevoel van hoe wag jou laat voel asof jy in 'n boks vasgevang is, simboliseer. √ Die beligting sal helder wit ligte wees wat gewoonlik in 'n wagkamer gevind word om die choreografie 'n kliniese gevoel te gee. √ Ek sal die kostuums na alledaagse kleredrag verander om te simboliseer dat wag 'n normale deel van die lewe is. √ Al die dansers sal verskillende klere dra om die verskil tussen hul reise te simboliseer. √ Laastens, sal ek hierdie stuk as 'n blitsgroep/kitsgroep uitvoer, waar nie-optreders wat wag om die dokter te sien, sit, om die onvoorspelbaarheid van wag te simboliseer. √ |

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **6.1** | **Maak 'n lys** | **5 punte** |
| | **6.2** | **Skryf** | **10 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **6.3** | **Skepping en vergelyking** | **10 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord** |
|---|---|---|
| 6.1 | Funksies van dans | 1. Herroep |
| 6.2 | Hoofdansvorm: geskiedenis en/of ontwikkeling | 1. Herroep<br>2. Formuleer 'n paragraaf |
| 6.3 | Kulturele en teaterdans | 1. Herroep<br>2. Verskil tussen kulturele en teaterdans<br>3. Konseptualiseer 'n plakkaat |

**6.1 MAAK 'N LYS VAN DIE FUNKSIES VAN DANS**

**Verwagte reaksies:**
- Vermaak
- Genesing
- Transformasie
- Opvoeding
- Loopbaan
- Kommunikasie
- Uitdrukking
- Ontspanning

Enige ander antwoorde in verband met die funksies van dans (5)

**6.2 SKRYF 'N PARAGRAAF WAT DIE GESKIEDENIS EN/OF ONTWIKKELING VAN DIE HOOFDANSVORM BESPREEK**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie punte vir slegs 'n lys van feite oor die hoofdansvorm toeken nie, kandidate moet hul antwoord in 'n paragraaf formuleer
- Moet nie punte vir slegs 'n lys van karaktereienskappe/beginsels toeken nie, kandidate mag na karaktereienskappe/beginsels in verband met die geskiedenis en/of ontwikkeling van hul hoofdansvorm in hul antwoorde verwys

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat bespreek kan word:**
- Oorsprong
- Plek
- Sosio-politieke konteks
- Invloede
- Pioniers
- Invloedryke choreograwe/opvoeders/opvoerders

Enige ander relevante antwoorde in verband met die geskiedenis en/of ontwikkeling van die hoofdansvorm (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**6.3 SKEP 'N PLAKKAAT WAT KULTURELE EN TEATERDANS VERGELYK**

**NOTA:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag dansvorms as 'n voorbeeld van kulturele en teaterdans insluit
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
  - Geen regmerke moet gebruik word nie
  - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike aspekte wat vergelyk kan word:**

- Opvoerruimte
- Doel/rol
- Deelnemers
- Geslagsrolle
- Rol van die gehoor

Enige ander antwoorde in verband met die vergelyking van kulturele en teaterdans (10)

**NASIENRUBRIEK:**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **HOË VLAK 7–10** | • Kreatiewe ontwerp en uitstekende organisasie getoon<br>• Diepgaande begrip van kulturele en teaterdans<br>• Uitstekende vermoë om verskillende areas van kulturele en teaterdans te vergelyk |
| **MEDIUM VLAK 4–6** | • Voldoende/Goeie ontwerp en voldoende/goeie organisasie getoon<br>• Voldoende/Goeie begrip van kulturele en teaterdans<br>• Voldoende/Goeie vermoë om verskillende areas van kulturele en teaterdans te vergelyk |
| **LAË VLAK 0–3** | • Minimale/Geen ontwerp en minimale/geen organisasie is getoon nie<br>• Minimale/Geen begrip van kulturele en teaterdans nie<br>• Minimale/Geen vermoë om verskillende areas van kulturele en teaterdans te vergelyk nie |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Voorbeeld van 'n antwoord:**



## Kulturele Dans

Kulturele danse is danse wat aan 'n spesifieke kultuur, gemeenskap,of plek behoort.



## Teater Dans

Teaterdanse is danse wat vir 'n gehoor in 'n teater of 'n opvoeringsvenue opgevoer word.

### Doel

**Kulturele Dans:** Dien verskeie doeleindes, bv.
- feesviering
- rituele
- indentiteitsuitdrukking
- erfenis

**Teater Dans:**
- Artistiese uitdrukking
- Vermaak

### Setting

**Kulturele Dans:** Gewoonlik in informele settings, bv. buite, nie-konvensionele ruimtes

**Teater Dans:** Gewoonlik in formele verhoog settings,bv. teater, konvensionele opvoerruimtes

### Gehoor

**Kulturele Dans:** Daar is gewoonlik geen gehoor nie, want almal neem deel

**Teater Dans:** Die gehoor is geskei van die opvoerders en betaal gewoonlik om te kyk

### Voorbeelde

**Kulturele Dans:** Afrika-dans, Volksdans

**Teater Dans:** Ballet, Jazz, Klopdans, Kontemporêredans

**[25]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 7: DANSWERK**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MEDIUM VLAK** | **7.1** | **Skryf** | **15 punte** |
| | **7.2** | **Verskaffing en stawing** | **5 punte** |
| | | **OF** | |
| | **7.3** | **Verskaffing en stawing** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **7.4** | **Bespreking en stawing** | **5 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord** |
|---|---|---|
| 7.1 | Danswerk: sinopsis/tema/intensie, musiek/begeleiding, bewegings woordeskat en simboliese betekenis | 1. Herroep<br>2. Trek relevante inligting in verband met die drie kolpunte uit<br>3. Formuleer 'n opstel |
| 7.2 | Danswerk: optrede van opvoerders | 1. Herroep<br>2. Formuleer 'n opinie<br>3. Staaf met voorbeelde |
| **OF** | | |
| 7.3 | Danswerk: produksie elemente | 1. Herroep<br>2. Formuleer 'n opinie<br>3. Staaf met voorbeelde |
| 7.4 | Danswerk: choreografiese proses | 1. Herroep<br>2. Besin oor persoonlike ervaring van 'n choreografiese proses<br>3. Pas begrip van hoe die danswerk 'n choreografiese proses kan beïnvloed toe<br>4. Staaf met voorbeelde |

**7.1 SKRYF 'N OPSTEL OOR DIE DANSWERK**

**NOTA**:
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate moet verduidelik hoe alle voorbeelde wat verskaf word simbolies gebruik is
- Kandidate mag meer oor een kolpunt as 'n ander skryf
- Alle kolpunte sal ingesluit moet word om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
    - Geen regmerke moet gebruik word nie
    - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Sinopsis/tema/intensie**
- Inspirasie
- Intensie
- Oorsig van afdelings/toneelstukke

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Bewegingswoordeskat en simboliese betekenis**
- Genres/style
- Beginsels/eienskappe
- Samesmelting van dansvorms
- Gebare/alledaagse bewegings
- Motiewe
- Groep/maatwerk
- Danselemente
- Choreografiese strukture

**Musiek/begeleiding en simboliese betekenis**
- Komponis/musikante
- Genres/style
- Tydsberekening
- Ritme
- Dinamika
- Toonkleur
- Klank/klankeffekte
- Frasering
- Instrumentasie

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met die sinopsis/tema/intensie, musiek/begeleiding, bewegingswoordeskat en simboliese betekenis (15)

**NASIENRUBRIEK**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **UITSTEKEND 12–15** | • Uitstekende vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n breedvoerige sinopsis/tema/intensie<br>• Diepgaande begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **BEDUIDEND 10–11** | • Goeie vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n goeie sinopsis/tema/intensie<br>• Goeie begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **VOLDOENDE 8–9** | • Voldoende vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n voldoende sinopsis/tema/intensie<br>• Voldoende begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **BEVREDIGEND 5–7** | • Basiese vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n basiese sinopsis/tema/intensie<br>• Basiese begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **NIE BEHAAL NIE 0–4** | • Minimaal/Geen vloei en organisasie van inligting nie<br>• Minimale/Geen sinopsis/tema/intensie is verskaf nie<br>• Minimaal/Geen begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan nie |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**7.2 VERSKAF 'N OPINIE OOR DIE VLAK VAN DIE OPVOERDERS SE OPTREDE**

**NOTA:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Bewegingskwaliteit
- Beginsels
- Tegniese vermoë
- Gesigsuitdrukkings/karakterisering
- Musikaliteit
- Spanwerk
- Verpersoonliking
- Uitdrukking

Enige ander relevante antwoorde in verband met die vlak van die opvoering in die danswerk (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Ek dink die dansers in *Four Seasons* het goeie vlakke van opvoering getoon omdat hulle hul bewegings met duidelikheid en gemak uitgevoer het. √
- Die treurige gesigsuitdrukkings van 'Die Dooies' in *Ghost Dances* het die tema van die danswerk beklemtoon. √

**OF**

**7.3 VERSKAF 'N OPINIE OOR DIE GEBRUIK VAN PRODUKSIE ELEMENTE OM DIE INTENSIE OOR TE DRA**

**NOTA:**

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie punte vir slegs beskrywings van produksie elemente toeken nie, kandidate moet hul opinies oor hoe produksie elemente gebruik was om die intensie van die danswerk oor te dra, staaf
- Moet nie punte vir musiek/begeleiding toeken nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Kostuums
- Beligting
- Rekwisiete
- Stelontwerp
- Opvoerruimte

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die choreograaf produksie elemente gebruik het om die intensie van die danswerk oor te dra (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Die skemerige ligte was in *Four Seasons* gebruik om die somber atmosfeer uit te beeld wat die tema versterk het deur die koue van die winter seisoen uit te beeld. √
- Die kostuums wat in *Ghost Dances* gebruik is, het die algemene tema geaffekteer omdat die gehoor tussen 'Die Spoke' en 'Die Dooies' kon verskil. √

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**7.4 BESPREEK HOE ANALISERING VAN DIE DANSWERK 'N CHOREOGRAFIESE PROSES KAN BEÏNVLOED**

**NOTA:**
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en sommige reaksies mag nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie punte vir slegs beskrywings van choreografiese elemente toeken nie, kandidate moet met voorbeelde van hoe analisering van die danswerk 'n choreografiese proses kan beïnvloed, staaf

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Temas
- Sosio-politieke kwessies
- Produksie elemente
- Bewegingswoordeskat
- Danselemente
- Choreografiese strukture

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe analisering van die danswerk 'n choreografiese proses kan beïnvloed (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
In die analisering van die danswerk het ons na die temas, produksie elemente, bewegings en musiek gekyk. Dit het my choreografiese proses beïnvloed omdat ek my choreografie in daardie orde beplan het. √ Eerste, het ek my tema wat geïnspireer is deur die sosio-politieke kwessies gesien in *Revelations* (slawerny/segregasie, ens.), gekies. Ek het gekies om op vroue wat aan geslagsmisdadigheid lei, te fokus. √ *Revelations* was op 'n prosceniumboogverhoog uitgevoer wat my beïnvloed het om daardie ruimte te gebruik omdat ek my klank en beligting wat my tema kon versterk, kies. √ In die eerste afdeling van *Revelations* het ons die gebede hande motief geanaliseer asook hoe die herhaling van 'n motief 'n boodskap aan 'n gehoor kan oordra. Dit het my geïnspireer om my eie motief te skep om die tema van my choreografie te versterk. √ Die musiek wat in *Revelations* gebruik is, is gospelmusiek wat my geïnspireer het om 'n lewendige vroue koor te gebruik om verder vroue wat aan geslagsmisdadigheid lei, te beklemtoon. √

**[25]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

| MEDIUM VLAK | Voorberei | 15 punte |
|---|---|---|

| | INHOUD VIR ASSESSERING | DENKPROSES<br>Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord |
|---|---|---|
| 8 | Choreograaf: agtergrond, dansopleiding en professionele loopbaan, invloede, toekennings/ erkenings/bydrae | 1. Herroep<br>2. Trek relevante inligting in verband met die vier kolpunte uit<br>3. Konseptualiseer wenkkaarte vir 'n toespraak |

**8. BEREI WENKKAARTE VIR 'N TOESPRAAK OOR DIE CHOREOGRAAF VOOR**

**NOTA:**
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag meer oor een kolpunt as 'n ander skryf
- Alle kolpunte sal ingesluit moet word om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
  - Geen regmerke moet gebruik word nie
  - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
- Agtergrond
- Dansopleiding en professionele loopbaan
- Invloede
- Toekennings/erkenning/bydrae

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf (15)

**NASIENRUBRIEK**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **UITSTEKEND 12–15** | • Uitstekende organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Diepgaande begrip van die choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte op uitstekende wyse |
| **BEDUIDEND 10–11** | • Goeie organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Goeie begrip van die choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte goed |
| **VOLDOENDE 8–9** | • Voldoende organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Voldoende begrip van die choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte op voldoende wyse |
| **BEVREDIGEND 5–7** | • Basiese organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Basiese begrip van die choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte op 'n basiese wyse |
| **NIE BEHAAL NIE 0–4** | • Minimaal/Geen organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte nie<br>• Minimaal/Geen begrip van die choreograaf nie<br>• Hanteer/Hanteer moontlik nie al vier kolpunte nie |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

## Christopher Bruce

**1 Agtergrond**
- Engeland, 1945
- Polio – aangemoedig deur pa om te dans
- Benson Stage Academy
- Klopdanse, Ballet, Akrobatiese danse

**2 Dansopleiding & professionele loopbaan**
- Ballet Rambert
- Danser en Medechoreograaf
- Baie meewerking orals in die wêreld: Houston Ballet, Rambert
- Vir film en televisie gechoreograaf

**3 Invloede**
- Marie Rambert
- Martha Graham
- Sosio-politieke kwessies/wêreld kwessies
- Menseregte
- Volks en populêre musiek

**4 Toekennings/erkennings/bydrae**
- CBE lewenslank toekenning
- Meer as 20 stukke vir Rambert gechoreograaf
- Gehore opgevoed oor wêreld kwessies

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African